20 Augustus 2023
Aanlyn Erediens

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 15 :21-28
**Tema :** Ganse van 'n ander dam. Was Jesus eerstens 'n Jood ? Wat van grense en wie is ons mense ?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"We sometimes encounter people, even perfect strangers, who begin to interest us at first sight, somehow suddenly, all at once, before a word has been spoken."
— Fyodor Dostoyevsky, Crime and Punishment

"All great literature is one of two stories; a man goes on a journey or a stranger comes to town."
— Leo Tolstoy

"One eye sees, the other feels."
— Paul Klee

"We are sun and moon, dear friend; we are sea and land. It is not our purpose to become each other; it is to recognize each other, to learn to see the other and honor him for what he is: each the other's opposite and complement."
— Hermann Hesse, Narcissus and Goldmund

"One's life has value so long as one attributes value to the life of others."
— Simone de Beauvoir

"I believe that there is one story in the world, and only one. . . . Humans are caught—in their lives, in their thoughts, in their hungers and ambitions, in their avarice and cruelty, and in their kindness and generosity too—in a net of good and evil. . . . There is no other story. A man, after he has brushed off the dust and chips of his life, will have left only the hard, clean questions: Was it good or was it evil? Have I done well—or ill?"
— John Steinbeck, East of Eden

"Live for yourself and you will live in vain;
Live for others, and you will live again."
— Bob Marley

"Few people are capable of expressing with equanimity opinions which differ from the prejudices of their social enviroment. Most people are incapable of forming such opinions."
(Essay to Leo Baeck, 1953)"
— Albert Einstein

"If you want to bring a fundamental change in people's belief and behavior...you need to create a community around them, where those new beliefs can be practiced and expressed and nurtured."
— Malcolm Gladwell, The Tipping Point: How Little Things Can Make a Big Difference

"In the final analysis, the questions of why bad things happen to good people transmutes itself into some very different questions, no longer asking why something happened, but asking how we will respond, what we intend to do now that it happened."
— Pierre Teilhard De Chardin

"Strange is our situation here upon earth. Each of us comes for a short visit, not knowing why, yet sometimes seeming to a divine purpose. From the standpoint of daily life, however, there is one thing we do know: That we are here for the sake of other men —above all for those upon whose smile and well-being our own happiness depends, for the countless unknown souls with whose fate we are connected by a bond of sympathy. Many times a day, I realize how much my outer and inner life is built upon the labors of people, both living and dead, and how earnestly I must exert myself in order to give in return as much as I have received and am still receiving."
— Albert Einstein, Living Philosophies

"The people who make a difference
are not the ones with the credentials
but the ones with the concern."
— Max Lucado

"Everybody is identical in their secret unspoken belief that way deep down they are different from everyone else."
— David Foster Wallace, Infinite Jest

"It's funny how, in this journey of life, even though we may begin at different times and places, our paths cross with others so that we may share our love,

compassion, observations, and hope. This is a design of God that I appreciate and cherish."
— Steve Maraboli, Unapologetically You: Reflections on Life and the Human Experience

**Geestelike waardes: Hoort gasvryheid en vyandskap onder een dak?**

Een van die opstelle van die Franse filosoof Jacques Derrida, wat in die bundel Acts of Religion (2002) opgeneem is, het die vreemde titel "Hostipitality". Toe ek die eerste keer hierdie opskrif gesien het, het ek eers gedink dis 'n drukfout. Maar die gebruik van "Hostipitality" (eerder as "Hospitality") was doelbewus en betekenisvol. Waarom, sou ons kon vra, praat Derrida van "hostipitality" en nie bloot van "hospitality" (gasvryheid) nie?

Met die lees van Derrida se opstel, wat vroeg in 1997 as lesings gelewer is, blyk duidelik sy beklemtoning van die verweefdheid van gasvryheid en vyandigheid, van "hospitality" en "hostility"– daarom sy nuutskepping "hostipitality".

Beide "hospitality" en "hostility" bevat, soos Derrida in gesprek met taalwetenskaplikes onderstreep, 'n heenwysing na die Latynse woord hostis (wat ook die woord is wat vir vreemdeling gebruik word). Hostis het egter nie net betrekking op "gas" en "gasheer" nie, maar het met verloop van tyd ook die betekenis van "vyand" aangeneem. Die vreemdeling word dus nie altyd 'n vriend of gelyke nie, maar bly soms 'n teenstander en strydgenoot. Hiermee word iets gesuggereer dat daar in gasvryheid deurgaans 'n mate van vyandigheid verskuil is. Die Belgiese filosoof Peter Venmans belig ook in sy boek Gastvrijheid: Filosofisch essay (2023) hierdie gedagte, met verwysing na 'n vertaling van "hostipitality" as "gastvrijandigheid" (met 'n -r).

Hierdie sinspeling maak dit duidelik dat gasvryheid nie as 'n deug beskou moet word wat in een of ander ideale, konflikvrye en apolitiese ruimte beoefen word nie. Nee, die soort gasvryheid wat hier ter sprake is, is meer dubbelsinnig en staan nie los van die moontlikheid van verraad, geweld en magsmisbruik nie. Die gasheer kan byvoorbeeld 'n verskuilde agenda hê in die verwelkoming van 'n gas. En die gas kan weer 'n uitbuiter of 'n parasiet wees. Gasvryheid vra daarom vir die noodsaak om te onderskei tussen 'n engel en 'n geweldenaar.

Tog, kan ons byvoeg, behoort gasvryheid tot die hart van baie godsdienste en kulture. Derrida skryf selfs: "Nie alleenlik is daar 'n kultuur van gasvryheid nie, maar daar is geen kultuur wat ook nie 'n kultuur van gasvryheid is nie . . . Gasvryheid – dit ís kultuur." Gegewe die realiteit van "gasv(r)yandskap" en die risiko's daaraan verbonde kan ons wonder of ons nie eerder moet praat van die gekheid van gasvryheid nie, van die waansin van verwelkoming.

Maar, moet ons ook vra, wat word van 'n kultuur en 'n godsdiens as – te midde van polarisasie en vyandigheid – die radikale oproep tot gasvryheid nie meer by ons spook nie? – RRV

---

**BROOD VIR DIE PAD**

**Yolanda Dreyer: 'Nee vir die boksie waarin vroue moet pas'**
**Netwerk24**

Yolanda Dreyer, baanbreker-teoloog en -predikant, sê aan Murray La Vita dit "kom nie spontaan by 'n meisiekind" dat sy dink sy is gelyk nie, want sy word geleer om minderwaardig te voel.

Die onderhoud met prof. Yolanda Dreyer vind plaas teen die agtergrond van Vrouedag en Vrouemaand wat in Augustus gevier word.
Dreyer is onlangs deur die International Council on Pastoral Care and Counseling gevra om in Potchefstroom by hul byeenkoms te praat oor "Being woman and providing pastoral care in layered spaces in Africa – personal journey and hope in pastoral care".
Sy het begin deur te sê: "Om 'n vrou te wees in 'n Afrika-ruimte het by geboorte begin. 'n Klein wit persoon in Afrika in 'n vroulike liggaam. Dit sou 'n reis word met draaie en wendings, 'n pelgrimstog van opdraandes en afdraandes. My persoonlike reis met teologie/religie/spiritualiteit – waartussen ek verkies om nie te differensieer nie soos wat in die magdom definisies daar buite gedoen word – het begin toe ek vier jaar oud was.
"Volwassenes wat probeer het om 'n vriendelike geselsie met 'n kind aan te knoop se tipiese vraag: 'Wat wil jy wees wanneer jy groot is?' My antwoord: 'Ek wil preek soos my oupa'. Die grootmense het gelag. Ek het gedink daardie vriendelike reaksie is een van goedkeuring. Dit was nie. In die regte wêreld van die 1960's in hierdie land, in daardie kultuur, in daardie kerk,

het mense wat in ’n vroulike liggaam bestaan het, nie gepreek nie.”

## ’n Kerkfamilie

Ek pols Dreyer hieroor. Ons drink koffie in ’n restaurant langs die see in Milnerton, waar sy op besoek is aan haar 90-jarige moeder wat steeds in die huis woon waarin sy (Yolanda) grootgeword het.

Dreyer is ’n aantreklike vrou met groen oë en ’n welluidende stem. Haar uitstraling is een van rustigheid en die selfvertroue van ’n internasionaal gevierde teoloog en denker.

“En my oom, die predikant, het oorkant ons huis hier in Milnerton gebly, so ek het nog so half in die pastorie ook grootgeword.”Foto: Jaco Marais

“My familie is ’n kerkfamilie – daar is baie Dreyer-dominees in die Hervormde Kerk – so ons het maar so in die kerk grootgeword; die kerk was op ’n manier soos ons uitgebreide gesin; dit was my tuisplek.

“Dit was hier in die Kaap, waar die Hervormde Kerk nie groot is nie; ons het vyf gemeentes gehad. En my oom, die predikant, het oorkant ons huis hier in Milnerton gebly, so ek het nog so half in die pastorie ook grootgeword.

“Toe hy nou agterkom ek het hierdie belangstelling in teologie, het ons baie gepraat en as hy na die ander plekke toe ry om te preek, het ek dikwels saamgery.

“My belangstelling was teologie; ek wou daai kennis hê, meer as enigiets anders. Ek het as kind nie rêrig geweet wat dit behels om ’n predikant te wees nie, maar my ouers het altyd hierdie boodskap gehad van: ‘Studeer, sal jy studeer; jy moet net sê wát’. So, teologie is waarvan ek meer wou weet en wat ek wou swot.

“Ek het nie vreeslik verder gedink as wat my neus lank was nie. En my pa het my ondersteun daarin. Hy het gesê ek kan studeer wat ek wil, maar ek moet dit net klaarmaak.

“Hy het vir Shell gewerk in die stad en hulle het ’n skema gehad om kinders te laat studeer. Al het ek dus nie kerkbeurse gekry nie, was dit dan wel vir my moontlik dat ek die sesjaar-studie kon doen.

“En toe was die kwessie of ek die BA in Stellenbosch moet doen, want dit gaan maar net daaroor dat jy vakke soos Grieks en Hebreeus en Latyn en Duits en wysbegeerte moet hê en dit kan jy ewe goed hier doen.

“Maar toe het my pa gesê ek moet gaan teenwóórdig wees daar waar die kerk se opleiding is sodat hulle aan my kan gewoond raak en weet ek is daar, want as ek in Stellenbosch was, dan was dit bloot akademiese kennis.”

“Klein laat my benoud voel...”Foto: Jaco Marais

Sy het dus aan die Universiteit van Pretoria (UP) gaan studeer en het die eerste vrou geword wat as predikant in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) (en die ander Afrikaanse Driesusterskerke) gelegitimeer (1980) en georden (1981) is.

Sy het twee doktorsgrade behaal en in 2000 hoogleraar in praktiese teologie aan die UP geword – die eerste vrou in so ’n pos – en is steeds aan dié fakulteit verbonde.

Dreyer het ook ’n belangrike rol gespeel in die proses wat gelei het tot die onvoorwaardelike aanvaarding van gay mense in die Hervormde Kerk in 2016.

## Rolmodel

Bessie Kellermann, Dreyer se ouma aan moederskant, was vir haar ’n rolmodel.

“Ek het altyd gesê sy was ’n feminis sonder dat sy geweet het wat die woord beteken. Sy het van Kenhardt in die Noord-Kaap af gekom en was 19 toe sy getroud is.

“Sy en my oupa het ’n baie oop soort huwelik gehad. Hy het haar op die hande gedra en hy het vir haar ruimte gegee om haar ding te doen. Sy was ’n baie sterk vrou en sy wou ’n dokter geword het, maar haar pa het gesê dit is nie vir vroue nie – hulle gaan net trou en kinders hê.

“So, toe het sy geen geleerdheid gehad nie en toe sy nou haar twee kinders het – my ma en haar broer is agt jaar uitmekaar – het my ouma besluit sy gaan nou verpleging swot. Toe sit sy my ma en haar broer, wat toe onderskeidelik 12 en 5 was, hier in Kaapstad op die trein Lichtenburg toe, waar hulle ’n jaar lank by haar suster gaan bly het en vir hulle gate uit geniet het terwyl sy verpleging studeer. Daai tyd was die opleiding net ’n jaar.”

Sy lag en sê: “Kan jy jou nou voorstel: ’n vrou van daardie generasie – ’n mámmie – sit haar twee kinders op ’n trein Transvaal toe vir ’n jaar!”

## ‘Lewenslange stryd’

Dit kom nie “spontaan by ’n meisiekind dat jy dink jy is gelyk nie”, sê Dreyer.

“Maar toe het my pa gesê ek moet gaan teenwóórdig wees daar waar die kerk se opleiding is...”Foto: Jaco Marais

“Nee; dit is ’n baie gekompliseerde proses. Jy is in hierdie minderwaardigheid in gesosialiseer. En dan is daar die innerlike protes daarteen die hele

tyd. In die laerskool hier in Milnerton was ek eerste in my klas en in Jan van Riebeeck [Hoërskool] was ek onder die eerste 10, en daar was min seuns in die hoogste puntegroepe in die klas.

"Ek dink ek het iewers iets geskryf oor hoe ek langs 'n outjie sit wat 55% vir alles kry en hý mag 'n dominee word, solank hy nou net die Grieks en die Hebreeus deurkom, maar ék is om een of ander rede minderwaardig.

"En as jy 'n kind is, is al waaraan jy jou waarde kan meet dit waaraan 'n getalletjie gesit word – skoolpunte. So, dit was... Dit is 'n lewenslange stryd wat ek dink eers oor die afgelope 10 jaar begin bedaar het."

Sy onthou wat sy as leraar beleef het.

"Benewens my protes binnekant – maar nog steeds probeer om tevrede te stel na buite toe, en dan nie te weet waar is my plek nie – kom ek in Nelspruit as predikant en die vroue wat 'n graad het, is onderwyseresse.

"En al die vroue waarmee ek ooit te doen kry in my lewe is getroud en het kinders. En in die kerk het hulle altyd hierdie ding gehad as 'n vrou opstaan om te praat dan sal sy nou eers beduie sy is getroud en sy het soveel kindertjies en haar belangstellings is kosmaak of blomme, of soiets. En as sy nou klaar haar spiel gedoen het, dan begin sy met die 'saak' wat sy daar is om oor te praat. En dan praat sy sterk en netjies en intelligent.

"Maar jy moet altyd begin met: 'Ek is maar net 'n vroutjie.' En: 'Ek is maar net by die huis.' En: 'Ek het maar net kosmaak verwerf.' Daardie ding was vir my baie swaar... Om te weet hoe ék met myself moet maak om daarby verby te kom, want ek het geweet daarin kan ek nie vasgevang raak nie. En die goed wat ek beleef het in die kerk...

"Ek het deur 'n moeilike tydperk in my lewe gegaan en toe het die voorsitter van die kerk vir my gesê hy wens hy kan my toesluit in 'n glaskas... Hy wou my beskerm, maar dit het so absoluut nie lekker gevoel om beskerm te word as ek nie beskerm hoef te word nie. Ek soek ondersteuning, nie beskerming nie."

'Gelyke mense'

Dreyer onthou hoe sy op 'n Internasionale Vrouedag na 'n bespreking op BBC-TV geluister het waarin gepraat is oor hoe lank dit sou neem voordat vroue as "gelyke mense" beskou en behandel sou word.

"Teologie is waarvan ek meer wou weet en wat ek wou swot." Foto: Jaco Marais

" 'n Peiling is gedoen. Party mense het gedink dit sal 20 jaar neem, ander het gemeen 50 jaar. Die akademiese projeksie was egter dat dit 200 jaar gaan neem vir volkome gelykheid tussen alle mense.

"Ek dink nie dis so ver van die waarheid af nie, want hierdie sisteme wat ongelykheid in stand hou, is so magtig en sterk. En hulle pas aan soos wat hulle uitgevang of ontbloot word en almal dink: Nee, dís darem nie reg nie; jy kan nie meer vir 'n vrou 'n loesing gee as sy ongehoorsaam is nie... wat jy in my kindertyd kon doen; jy kon só praat.

"Dis vir haar verstommend om byvoorbeeld te sien hoedat onkunde gepleit word wanneer gevalle van seksuele teistering in die kerk ondersoek word.

"In die eerste instansie oor wat seksuele teistering behels en oor hoe op aarde hierdie ding wat hulle nou gedoen het naastenby nie net as 'n grappie gevat kan word nie.

"Daai soort goed is nog met ons soos op die eerste dag toe dit ontbloot is... So, die sisteem is baie, baie sterk en het maniere om sigself in stand te hou. En vroue speel saam, want hulle is die underdog en hulle moet oorleef, so hulle verbind hulle aan 'n man wat geld en mag het en vir hulle kan sorg en wat ook al, en hulle moet hom tevrede stel... en dan nog die selfbeeldprobleme en alles wat hulle met hulle saamdra en net nie afgeskud kry nie sodat hulle 'n méns kan wees in hierdie wêreld."

'Klein boks'

Waarom bekoor teologie haar?

"As klein dogtertjie was dit spiritualiteit. Daardie ding van groter as jy; groter as ons. Ek het 'n ding oor klein; klein laat my benoud voel... 'n Klein wêreld. Die ding van 'vroutjie' wat my die grootste benoudigheid gee, is daardie verskriklike klein boks wat vir vroue vervaardig is en waarin hulle hulself moet druk en pas, of hulle nou daarin pas of nie.

"So, hierdie gevoel van oopte en vryheid en groter en ruimer – dít was nog altyd my leitmotief. En met my universiteitswerk, waarvoor ek oor die wêreld heen moes reis, het ek daardie geleentheid gehad om ander kulture en wêrelddele mee te maak.

"Ek was drie weke gelede in Suid-Korea by 'n kongres; dit was 'n wonderlike ervaring – hierdie

ander maniere van doen... En om te ervaar hoe voel jy as jy in ’n plek is waar jy nie kan lees of skryf of praat nie. Dis soos ongeletterd, maar ekstra, want ongeletterde mense kan praat, en jy kan nie praat nie.

“Ek is baie dankbaar dat ek dít kon beleef en dat ek nie net in ’n baie klein wêreldjie vasgevang is nie.”

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*